Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045
E-pos: admin@lnpark.co.za /

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 18

24 Mei 2024

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

Die leerlinge van graad 4 tot 7 skryf volgende week nog eksamen. Sterkte met die laaste paar vakke wat geleer moet word. Indien 'n leerling gedurende die eksamen afwesig is, **moet hulle 'n doktersertifikaat verskaf**, anders kry hulle nul vir die vraestel wat geskryf word.

SKOOLTYE TOT 28 MEI 2024
Neem asb. kennis dat die skool **tot en met 28 Mei om 13:00** sal verdaag. **Die skool sluit egter vanaf Donderdag 30 Mei die normale skooltye.** Hierdie tye is van toepassing vir graad R tot graad 7.

29 MEI 2024 VERKIESINGSDAG
29 Mei 2024 is 'n publieke vakansiedag vir die nasionale verkiesing. Maak gebruik van die dag om u stem uit te bring vir die party wat u dink 'n verskil in ons land kan maak.

ONDERSTEUNERSHEMDE
Ons wil al ons ouers aanmoedig om vir julle Laerskool Newtonpark-ondersteunershemde aan te skaf. U kan by ons klerewinkel kom aanpas en dan kan ons vir u bestel.

MNR. EN MEJ. LAERSKOOL NEWTONPARK: 12 – 13 JUNIE
Inskrywings vir Mnr. en Mej. Laerskool Newtonpark is nou oop. Alle leerlinge kan so spoedig moontlik inskryf. Leerlinge neem deel in een van vier kategorieë volgens grade. nl. graad. R, graad 1 - 3, graad 4 – 6 en graad 7. Inskrywingsfooi beloop R50 per leerling. Verdere inligting sal aan deelnemende leerlinge deurgegee word. ***Let wel: Daar is geen bespreekte plekke beskikbaar nie. Kaartjieverkope het op Woensdag, 15 Mei, begin en kan direk by die kantoor aangekoop word.***

SPENSIE-PENSIE GESKENKMANDJIE FONDSINSAMELING : 3 JUNIE
Ons is opreg dankbaar vir die positiewe reaksie op die fondsinsameling tot dusver. Daar is nog tyd tot **Donderdag, 30 Mei** om u skenkings en lootjievorms by die kantoor in te handig. Ons waardeer u ondersteuning wat die dryfveer is om hierdie projek weereens uiters suksesvol te maak.

VAKANSIENASORG: JUNIE/JULIE 2024
Die beheerliggaam het daartoe ingestem dat ons ‘n opname maak om vas te stel hoeveel ouers ‘n daadwerklike behoefte het om tydens die Junie/Julievakansie van ons nasorgdiens gebruik te maak. Dit kan slegs aangebied word indien daar ten minste 10 kinders is wat daarvan gebruik wil maak.

Die voorgestelde tydperk is:

1. **Dinsdag, 18 Junie 2024 tot Vrydag, 28 Junie 2024 (9 dae). (Skole sluit Vrydag, 14 Junie 2024 en heropen Dinsdag 9 Julie 2024)**
2. U moet asseblief ook onderneem om die nasorgtye nl. 07:15-17:30, stiptelik te eerbiedig.

Die tarief beloop R90 per dag, per kind, en R810 vir 1 kind vir die 9 dae. Die bedrag vir 2 kinders is R1570 vir die 9 dae, en is vir die volle tydperk, vooruitbetaalbaar.

Daar is beperkte spasie. Sperdatum vir aansoeke is Donderdag, 6 Junie 2024.

Indien u graag van die vakansienasorg gebruik wil maak, e-pos Mev. Laas by fin@lnpark.co.za

FACEBOOK BLAD: SKOOLKLERE
Die facebook-groep, SKOOLKLERE - Laerskool Newtonpark, bestaan steeds en dit is lekker besig daarop. Maak gerus van die gerief gebruik as u van skoolklere wil ontslae raak wat te klein geword het vir u kinders.

TOELATING 2025: GRADE R tot 7 (BESTAANDE OUERS)
Die personeelvoorsiening van die Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings. Die skool moet ook jaarliks hierdie statistiek aan die Departement van Onderwys bekend maak.

Ons versoek ons bestaande ouers om ons so spoedig moontlik in kennis te stel indien u ‘n kind vir graad R en 1 in 2025 wil inskryf. Ons wil graag ons huidige ouers voorkeur gee om u ander kind ook by ons in te skryf.

Ons sal dit waardeer indien u ons skool by u familie, vriende en ander bekendes aanbeveel.

GESIGMASKERS
As gevolg van die erge griep wat die rondte doen, mag leerlinge weer maskers skool toe dra as die ouers so voel. Ons wil ouers aanmoedig om materiaalmaskers met die skool se wapen op, teen R30 aan te koop. Die gewone maskers wat u in die winkel koop, hou eenvoudig nie en ons kan nie bekostig om gebreekte maskers te vervang nie. Deur twee lapmaskers aan te koop kan u die probleem van gebreekte maskers oorkom. Bestellings kan per e-pos na: klere@lnpark.co.za gestuur word indien u sou belangstel.

VERLORE GOEDERE

Daar is geweldig baie ongemerkte, verlore goedere. Ouers moet asseblief gereeld alle klere, skoene, kosblikke, bottels en skryfbehoeftes duidelik merk. Verlore goedere kan per afspraak voor die skool se klerewinkel besigtig word. Alle items wat teen die einde van die kwartaal oorbly sal vir minder bevoorregtes geskenk word.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD

Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto's te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

SKOOLGELDE 2024

Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: **maandelikse debietorder** oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2024. 'n Debietorder kan slegs op 'n tjek-/spaar-/transmissierekening ingestel word.) U mag ook die **skoolgelde EFT**. Ons beskik ook oor **'n kaartmasjien** by die skool wat u kan gebruik.

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE

Indien skoolgelde (Graad R – 7) ten volle betaal word voor/op 31 Mei 2024 sal 'n 5% korting toegestaan word.

ELEKTRONIESE BETALINGS

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf. U moet ook die bewys van betaling per e-pos aan fin@lnpark.co.za stuur.

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Geniet die naweek saam met jul kinders.

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende datums moet u asseblief op u kalender aanteken:

Ma – 27 Mei	:	Klerewinkel: **07:30 tot 12:00** **NETHEIDSINSPEKSIE** **EKSAMEN :** SW Geskiedenis graad 5 en 7 **EKSAMEN :** SW Aardrykskunde graad 4 en 6
Di – 28 Mei	:	Senior Koor: **07:25 tot 08:00** **EKSAMEN :** LO graad 7 **EKSAMEN :** LV graad 4 tot 6
Wo – 29 Mei	:	**STEMDAG : Publieke vakansiedag**
Do – 30 Mei	:	Senior Koor: **07:25 tot 08:00** Kuns graad 5 tot 7 : **14:15 tot 15:30**
Vr – 31 Mei	:	Klerewinkel: **07:30 tot 12:00**
Sa – 1 Junie	:	**Lorraine Bulletjies + Blommetjiessportdag – 0/7+0/8**

SPORT EN KULTUUR

KABEGAPARK MINI-SPORTDAG : NETBAL

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
18 Mei	0/7A	Kabegapark	LNP wen 2 – 0
18 Mei	0/7A	Sunridgepark B	LNP wen 5 – 0
18 Mei	0/7A	Sunridgepark A	LNP verloor 0 – 5
18 Mei	0/8A	Kabegapark	LNP wen 1 – 0
18 Mei	0/8A	Sunridgepark B	LNP wen 11 – 0

KABEGAPARK MINI-SPORTDAG : RUGBY

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
18 Mei	0/7A	Dr. Viljoen	LNP wen 3 – 1
18 Mei	0/7A	Sunridgepark	LNP verloor 1 – 3
18 Mei	0/7A	Mount Pleasant	LNP verloor 1 – 3
18 Mei	0/8A	Mount Pleasant	LNP verloor 0 – 2
18 Mei	0/8A	Moregrove	LNP verloor 0 – 1
18 Mei	0/8A	Altona	LNP verloor 3 – 5

SKAAK

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
17 Mei	Junior	Lorraine	LNP wen 7 – 0
17 Mei	Senior	Kabegapark	LNP wen 5.5 – 2.5

TENNIS

Elmer Kloppers, Kean Kloppers, Ethan Booysen en Ruan Hanekom het aan die OP mini-tennisreeks (Rainbow Kidz) deelgeneem. Hul het baie van hul potte gewen. Kean Kloppers het die o/10 finaal gewen. Baie geluk, Newtons!

SKOONHEIDSKOMPETISIE

Lara van Niekerk in graad 7D het op Saterdag, 11 Mei aan haar modelskool, TMA Models se jaarlikse Mnr. en Mej. "Masquerade ball" skoonheidskompetisie deelgeneem en Mej. Persoonlikheid in haar ouderdomsgroep (13 tot 16 jaar) losgeslaan. Baie geluk, Lara!

GIMNASTIEK

Katelyn Tolmie in graad 1B het Saterdag, 18 Mei aan haar eerste ritmiese gimnastiekkompetisie deelgeneem. Sy het 2 brons en 1 silwer medalje verower. Baie geluk, Katelyn!

Amber Claassen in graad 4S het aan dieselfde kompetisie deelgeneem en soos volg presteer:

“Free Dance” : 2de plek
“Clubs” : 1ste plek
“Rope” : 2de plek
“Overall” : 1ste plek

Baie geluk, Amber!

Libby Blumenthal in graad 3G het die afgelope 2 naweke aan "Elite Gymnastics - Stage Competitions" deelgeneem wat op 11 Mei en 19 Mei plaasgevind het. Tydens albei geleenthede het sy 'n goue medalje vir haar algehele vertoning verower.
Lara Luiters in graad 1T het ook aan dieselfde kompetisie deelgeneem en ‘n goue medalje op haar vlak (1a) tydens albei kompetisies ontvang. Baie geluk, julle!

VOORTREKKERS
“O die Voortrekker lewe, dis die lewe vir my” sing leerlinge van Laerskool Newtonpark op hul Voortrekker-Gebiedskamp by Van Stadenskloof waar hulle geleer het oor die eerste immigrante, die ontdekking van goud en diamante in SA, die Anglo Boereoorlog en wat dit beteken om Afrikanerkind te wees.

SOKKER
Aaron Nortier in graad 5S en Wian Floor in graad 4S het op Sondag, 19 Mei vir die Callies Highlanders teen Priory Cubs gespeel en 3-0 verloor. Aaron en Wian was verdedigers en het hul baie goed van hul taak gekwyt. Geluk, julle twee!

SPENSIE PENSIE
FONDSINSAMELINGSPROJEK
Wen een van VELE geskenkmandjies gevul met nie-bederfbare items vir jou koskas tot waskamer en alles tussenin...
LOOTJIES SLEGS R10 ELK.
Beskikbaar by LNP-leerders.
Trekkings vind 3 Junie 2024 plaas.
Koop jou lootjie voor 30 Mei 2024 om seker te maak jy staan 'n kans om te WEN!
Corn Flakes